



**GEREFORMEERDE KERK  
AKASIA**

**NEUTEDOPPER**

VOLUME 28 NR 15  
3 MEI 2020



Dien die Here met  
Blydskap

**Lees:** 1 Kronieke 1:1-34 (1-4, 24-34)

**Kernvers:** 1 Kron.1:27 (53 vert)

**Tema:** God het vir my 'n verbondsnaam gegee

1. 'n Baie vervelige hoofstuk in die Bybel?
2. Die Verbondsgod praat met my
3. Die Here gee vir my 'n verbondsnaam
4. Ek lewe in die genadeverbond

**Sang:** Ps.105:1,5; Skr.12-3:1,2; Ps.1:1; Ps.89:1,2; Ps.33:1,6;  
Skr.18-7:1,11,12

### MEELEWING

Hennie Briel (C 3) 012 5656046 het geval en sy gesondheid het verswak.

Al die lidmate wat nou deur 'n moeilike tyd gaan, geestelik, liggaamlik en/of emosioneel, vertrou op God. God is jou toevlug en krag en altyd bereid om te help in nood. Daarom hoef jy nie te vrees nie.

**VERJAARSDAE** *Wees altyd bly in die Here!*

4/05 Martie Jansen van Vuuren \* D2 0825727090

7/05 Hennie Jansen van Rensburg \* B1 0825684299

8/05 Casper Yssel C3 0828526946

Lidmate 65 jaar en ouer \*



### DANKOFFER - EN LIEFDEDIENS BYDRAES

Baie dankie aan almal wat getrou hulle bydraes oorbetaal. Ons is reeds in die nuwe maand daar word 'n beroep op elkeen gedoen om asseblief bydraes oor te betaal, sodat die Kerkraad en Diaconie hulle maandelikse verpligtinge kan nakom.

### HOOP

**WAT HOOP NIE IS NIE:**

~ Hoop word nie bepaal deur jou omstandighede nie.

~ Hoop is nie net 'n gevoel of wens nie, bv. Jy hoop vir 'n gemaklike parkeerplek naby die winkelsentrum se ingang nie.

**WAT IS HOOP?**

~ Hoop het 'n geestelike perspektief!

~ Hoop is 'n hoekpilaar saam met geloof en liefde!

*WARE HOOP IS MET WARE GELOOF EN LIEFDE INGEBED, WARE HOOP REGVERDIG SY SINVOLLE BESTAAN IN 'N VERHOUDING MET DIE LEWENDE GOD*

 God wat alle genade gee,

en wat julle geroep het

om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlijkheid,  
sal julle,

nadat julle 'n kort rukkie gely het,  
self weer oprig

en julle moedig, sterk en standvastig maak.

### Het jy geweet?

Die Bybelgenootskap laat druk sedert 2007 die meeste van sy Bybels by die Nanjing Amity Printing Company in China, die grootste Bybel-drukpers in die wêreld. Amity het in November 2019 die druk van sy 200 miljoenste Bybel gevier. Daar was groot vreugde toe die 200 miljoenste Bybel onthule is dit een van die Bybelgenootskap se Afrikaanse Bybels (1933/1953-vertaling) is.

### BANKBESONDERHEDE

**Gereformeerde Kerk Akasia**

ABSA tjek rekeningnr 060340889

Kode: 632005 (Pta-Noord)

Verwys: Voorletters, Van en Wyk

**Diaconie Geref Kerk Akasia**

ABSA Tjek 060280649

Kode: 632005 (Pta-Noord)

Verwys: Voorletters en Van

## BEWARING EN HERWINNING

Dit is vir baie mense nie 'n nuwe verskynsel om 'n tweedehandse motor te koop nie maar tweedehandse klere is vir sommige nog 'n bietjie vreemde konsep om aan gewoon te raak. Klere word binne die gesin van boetie na boetie en sussie na sussie en binne die familie na niggies en nefies oorgedra maar grootmense is minder geneig om hulle klere aan te gee of ander s'n te ontvang en te dra. Ons koop liever nuwe klere. Kom ons kyk egter wat is die effek op die aarde omdat ons aanhoudend soveel nuwe klere aankoop.

In 2015 is 98 miljoen ton rou materiaal vir die vervaardiging van tekstielstof uit die aarde ontgin. Na raming sal dit teen 2050 verdubbel. Krag, water en chemikalieë word gebruik om tekstielstof te vervaardig- maar in die proses word afvalstowwe dikwels nie verantwoordelik verwyder nie en beland dan in waterstrome of op afvalstortingsterreine naby fabriekke. Gifstowwe word in die grond en water afgeskei- wat skadelik is vir mense, diere en plante. Met die verskeping van produkte na hul bestemming word olie verbrand wat koolstofdiksied vrystel- wat ook die omgewing besoedel. Voeg daarby dat verbruikers te dikwels hul klere was en water- en elektrisiteitsbronne verder uitput. Mense gooi ook hul klere onnadenkend weg en dit beland op die ashoop waarvan die wêreld reeds oorvol is, met niemand wat weet hoe om van die oortollige rommel ontslae te raak nie. Dit is 'n bouse kringloop. (DANKIE SARIE APRIL 2020).

Klere wat ons nie meer kan of wil gebruik nie kan geskenk of verkoop word - dit is hergebruik of herbenutting. Deur miskien net 'n (soms klein) verstelling of ander bykomstighede te gebruik kan 'n kledingstuk so verander word dat dit weer nuut lyk en voel. Wêreldwyd is daar winkels wat begin om goeie tweedehandse klere te koop en verkoop wat van so 'n goeie gehalte is dat selfs goeie mense dit weer koop en dra. Net daar spaar hulle hiermee groot hoeveelhede hulpbronne. Dit is ons gelowiges se opgelegde opdrag om die aarde te beskerm en bewaar deur onder andere ook na die hulpbronne om te sien, ons kan dit dalk ook op hierdie manier doen.

Wat dink jy hiervan? Sal jy 'n tweedehandse kledingstuk dra?



3



## God regverdig? Lees Mattheus 20:1-16.

Die konklusie is dat die eienaar van die wingerd kan doen wat hy wil ...

God is die eienaar van alles wat Hy gemaak het. Hy kies sy kinders uit en gee aan hulle die lewe deur Jesus Christus. Dit is sy genade. Hy het baie genade! Baie! Hy kan dit gee vir wie Hy wil, wanneer Hy wil. Hy is die Almagtige, vrymatige, soewereine en enigste God! Daarvoor loof en prys ons (en alles wat asem het) die Here!

Daar is mense van die kant van die ongelowiges wat dink dat God onregverdig is. Dit is te verstane. Hulle insig skiet net vër tekort. Dat daar egter gelowiges is wat dink dat God regverdig is omdat Hy sommige red en ander nie, gaan mens se verstand te bowe. Ek as verlose word dus "onregverdig" behandel.

Mense raak jaloers op mekaar as jy soos die wêreld na dinge kyk. In die wêreld is dit net die vinnigstes wat wen, en die eerstes kry die trofee. By God werk dinge egter 'n bietjie anders, of soms heeltemal anders, ja selfs soos teenoorgesteldes ... Daarom eindig die gelykenis met die sg. absurde: "Die wat laaste is sal eerste wees, en ...

God is nie regverdig omdat Hy vir alle mense dieselfde gee of dieselfde kansse gun nie. Nee, as God daar die opsig regverdig moes wees, sou Hy geen ander keuse gehad het as om ons almal in die helse vuur te gooi nie. Ek glo nie dit is wat jy wil hê moet gebeur nie.

God is regverdig in die sin dat Hy geen sonde het of doen nie, en dit ook nie kan aanvaar nie. Hy kan wel daarmee 'n plan maak, want Hy is soewerein (kan doen wat Hy wil). Hy het sy Seun gegee as die plan vir die wegneem van sondes en daarom vergewe Hy om-Christus-wil telkens weer.

Weet dat jy 'n regverdige God dien. Die brood en wyn is simbole van die plan wat Hy gemaak het om 'n einde te maak aan sonde en straf. Ds M van Velden

### **Rhode Island Red**

**Vars en gekrummelde hoender – Vis – Groente - Spek – Kaas – Botter – Eiers – Jogurt – Koffie – Beskuit – Koeksisters – Neute – Droë vrugte – Sade – Lekkers – Skoonmaak middels en vele meer.**



**Kontak:** 0721377665 / 0767545622

**Facebook:** Rhode Island Red Akasia  
**e-pos:** vernonbronkhorst69@gmail.com

**Kaart fasiliteite**

**Special: Deense Fetakaas 400g @ R45**  
**(Solank voorraad hou)**

4